
# Nuwe Afrikaanse romans en kortprosa (2009-2010)

## Deel 2

STANLEY JONCK
**Boekkeurder**

### Rassekwessies

Goliath, Valerie. **Die kierieklapper aanspraak**.- Publiself, 2009. (*Debuutroman*)




Issie de Jong is 'n streng en trotse Afrikanervrou. Sy is die weduwee van 'n voormalige Suid-Afrikaanse minister, wie se pa 'n bekende en geliefde miljoenêr-vrugteboer van die dorpie Prince Albert was. Op 'n dag ontvang sy 'n oop handgeskrewe brief met 'n skokkende openbaring wat verreikende gevolge vir haar familie inhou. Die brief lui: 'My oorlede pa, Fred, was die produk van 'n verhouding tussen 'n sekere Kallie de Jong en my ouma Ansie Philander. Weens klasseverskil was hulle verbied om mekaar te bemin. Hy't vir ons 'n baie mooi en hartseer verhaal vertel van die twee seuns wat oupa Kallie verwek het by twee verskillende vrouens. Onder vreemde omstandighede het die twee as broers opgegroei totdat hul paaie geskei het, om eers weer na twintig jaar op dramatiese wyse kortstondig te kruis.' En hier is daardie verhaal. Die skrywer noem dit mooi en hartseer, reguit, maar roerend. Goliath se debuutroman het die kortlys van die Sanlam/Insig Roman Prys 2007 gehaal.

### Sielkundig

Coetzer, Wynand. **Skerpioen**.- Lapa, 2009. (*Debuutroman*)
'Anahita het as 'n Boesmanmeisie by haar ouma in die Kalahari grootgeword. Haar hoërskooljare het sy in Kaapstad by haar Moslem-pa en Boesman-ma deurgebring en uiteindelik word sy 'n kliniese sielkundige met die hulp van haar Duitse minnaar en latere man, Siegfried. Haar ouma het haar oeroue Boesmanverhale vertel, op laerskool in die Kalahari leer sy die Bybelse verhale ken, haar pa lig haar in oor Islam, haar Duitse minnaar bring haar op die hoogte van die Germaanse en Noorse mites en sages, en op universiteit maak sy kennis met Freud en Jung. As kind het sy boonop die gawes van 'n sjamaan ontvang. Wanneer sy as sielkundige 'n vermeende moordenaar, Nimrod, moet behandel, begin sy besef sy moet uiteindelik kies wie sy werklik is en gaan sy op 'n fassinerende reis na die outentieke self.' (*www.litnet.co.za*)

Maas, Daleen. **Moerbuityd**.- Ganesha Uitg., 2008. (*Geestesversteurings*)
Vianne word uit 'n psigiatriese inrigting ontslaan en gaan bly op 'n kusdorpie. Haar selfopgelegde afsondering word onderbreek deur vreemde karakters, elk met 'n eie storie. Daar is Bettie en Jan Plantjies wat vir haar stories uit die verlede vertel - van Bettie se borduursels op die ou familieplaas, haar inwoning op Robbeneiland in die inrigting vir sielsiekes en haar vriendskap met die melaatse Kardoes, terwyl Jan Plantjies 'n groentetuin uit niks te voorskyn bring. Intussen daag die sewejarige Frikkie by haar deur op met allerhande versoeke. Tussendeur is daar die terugflitse van die senukliniek en met die karakters om haar - soms vreemder as wat enigeen kon vermoed het - vind Vianne weer 'n weg na die lewe, genesing en selfvergifnis.

Stamatelos, Pat. **Die portier**.- Kwela Boeke, 2009.




Max is onder behandeling vir obsessiewe kompulsiewe gedrag. Voordat hy as portier begin werk by Strubenshof Privaat Hospitaal was hy veilig in sy gemaksone. Nou moet Max op sy tande kners. Hy mag nie gril vir die broos pasiënte in die rolstoel nie; hy moet hulpvaardig en simpatiek wees, en hy mag nooit wys watter storm in hom woed nie. Maar soos die tyd verloop kom hy agter hy tel nie meer die badkamerteëls nie, en hy begin saamlag as die verpleegsters en hospitaalklerke hom terg. Smiddae kan hy selfs op 'n bankie in die tuin sit sonder om te dink of hy meer na links - of meer na regs - moet skuif. Max ontsluit selfs later 'n saak van bedrog. Maar die vraag is of 'n man soos hy liefde kan vind en of hy ooit gemaklik genoeg sal voel om iemand toe te laat om die beheerde ruimte wat hy vir homself geskep het, binne te tree.

# BOOK WORLD

Boekwêreld • Ilizwe Leencwadi

## Sosiale kwessies

Botes, Annelie. **Thula-thula**.- Tafelberg, 2009. (*Bloedskande*)
Gertruida Strydom is net vier jaar oud toe haar pa - 'n suksesvolle boer, 'n gesiene lid van die gemeenskap en voorste ouderling - haar die eerste keer seksueel molesteer. Twee-en-twintig jaar lank dien sy as sy seksslaaf, totdat Abel en sy vrou, Susarah, op pad nagmaal toe verongeluk toe hul motor 'n koedoebul op volspoed tref. Gertruida word uiteindelik verlos van die lewende hel wat haar emosioneel gebreek en fisiek geskend het. 'Bladsy vir bladsy steier jy as leser onder die impak van Truida se verhaal. Die eksplisiete detail waarmee Annelie die tema van bloedskande beskryf walg maar fassineer terselfdertyd. Die boek is soos 'n vuishou in die maag. Aangrypend, hartverskeurend, onvergeetlik. (*Huisgenoot Boeke*, 11/06/09.)




Phillips, Abraham. **Die evangelis van Kaggelsberg**.- Lapa, 2009. (*Bende- en tronkverhale*)
'Die boek vertel van die hartverskeurende lotgevalle van die mense van die dorp Kaggelsberg, in besonder die gemeenskap wat in die *flatse* bly. Hulle word geteister deur bendegeweld. Van owerheidsweë kry hulle min meelewing en hulle word boonop aktief vervolg en getreiter deur staatsinstellings. Midde-in die vertelling is die Buffelsgesin wat ten nouste deur die geweld geraak is. Jaffie, die seun, wat in uiterlike voorkoms reeds iets besonders aan hom het, kry 'n messiaanse gestalte deurdat hy in hierdie uitsigloosheid uitkoms bring deur Die Woord te verkondig - 'n rol wat hy letterlik opneem en daarmee sorg vir 'n ekstra kinkel in die storie. Dit is 'n ontstellende verhaal wat 'n priemende blik werp op die inwerking van haglike sosiaal-ekonomiese toestande soos werkloosheid en armoede in gemeenskappe rondom ons, die uitvlug na drank, dwelms en bendes, wat as 't ware voorbeskik is en uiteindelik 'n toeverlaat word, en die futiele pogings om nog iets van 'n gesin en gemeenskap staande te hou. Die boek tree toe tot die korpus bende- en tronkverhale.' (*Die Burger*, 25/05/09.)

Schoeman, Odette. **Swartskaap**.- Kwela Boeke, 2009. (*Debuutroman*)
Dit vertel die lewensverhaal van Claudie Thompson en is 'n verwikkelde verhaal van armoede, ouers met 'n misplaaste begrip van liefhê en sorg, van onvoorwaardelike kinderliefde, seksuele misbruik, huise sonder kos en meubels, lewe in die koshuis, die goed en sleg wat in elkeen van ons bestaan, en uiteindelik die vervolmaking van 'n lewe sonder berou. Schoeman slaag daarin om voortdurend 'n humoristiese ondertoon te handhaaf en elke karakter word ten volle ontwikkel. (*www.litnet.co.za*)

Van Rensburg, Frans. **Lammervanger**.- Lapa, 2009. (*Debuutroman: Seksuele molestering/homoseksualiteit/selfmoord*)
Johannes van Staden was maar sestien jaar oud toe sy pa sy werk verloor en hulle gesin in 'n donker put van finansiële skuld gedompel word. Hy moet toekyk hoe al sy toekomsdrome en ideale voor sy oë verkrummel. Sy ma moet nou as bediende by die ryk Bothas gaan werk, net sodat hulle kop bo water kan hou. Hy besef egter baie vinnig dat oom Alfred Botha besonder erg oor hom is en dat hy hulle armoede sal kan oorkom as hy toegeeflik is teenoor sy seksuele toenadering. Maar wanneer sy geliefde ma daarvan uitvind, is sy verpletter en Johannes se skaamte is te groot om te oorkom. Hy besluit dat sy enigste uitweg selfmoord is.





Venter, Eben. **Santa Gamka**.- Tafelberg, 2009. (*Manlike prostituut/'rentboy'*)
'Die Karoo het te warm geword vir Lucky Marais. Nóg sy gevatheid, nóg sy lekker lyf gaan hom red. Hierdie boorling van die Karoodorp Santa Gamka se geluk is uitgedien. Net sewe minute en als is verby. Dat opsluiting in 'n pottebakkersoond nou sy laaste aardse avontuur moet wees! Vanuit hierdie oond neem Lucky sy kort maar avontuurryke lewe in oënskou: Sy kleintyd en sinlike ontwaking op 'n veeplaas, sy bekendstelling aan die wêreld van woorde en boeke aan die hand van sy Engels-onderwyser, sy seksuele inlywing aan die lyf van een van sy tantes en sy verkenning van nuwe horisonne agter die enigmatiese swerwerspaar Eddy en Eamonn aan. Maar eintlik vertel hy van sy sewe groot avonture, sy sewe kliënte. Lucky vier die vryhede wat die nuwe Suid-Afrika bied op die direkste moontlike manier, naamlik met die lyf. En op Santa Gamka versmelt al die verdeeldhede tot begeerte.' (Protea Boekwinkel, *Nuusbrief 177*, 28/10/09.)

Wyngaard, Bettina. **Troos vir die gebrokenes**.- Umuzi, 2009. (*Debuutroman*)
Drie geslagte vroue se wel en weë is verweef in hierdie verhaal van hoop waar hoop soms wil beskaam. Dit is hierdie vroue, en 'n hele gemeenskap in die Overberg, se verhaal. Daar is Lilly, met die voorkindjie, en die pastoor wat sy oog op haar het. Sy probeer 'n skuiling vir die dakloses oprig, maar teen groot weerstand in. En haar ma, Frieda Daniëls: 'n raakvatter, voorvrou by die appelfabriek, by die gebedsgroep en met liefdadigheid. Maar sy het blou kolle op haar, en gekraakte ribbes. Frieda is 'n sterk vrou, maar hiervoor moet sy verskonings uitdink. Frieda se grootmaak-ma, Antie Mina, moet magteloos toekyk, maar net tot op 'n punt. Een nag tree sy op, sy wat Frieda se beskermengel is, sonder om die gevolge te ontsien. Hierdie boek gee 'n sonderlinge binnekyk op 'n plattelandse bruin gemeenskap en die onvergeetlike karakters wat ten spyte van alles die lewe vol in die oë kan kyk.




## Speur- en spanningsverhale

Bloemhof, Francois. **Harde woorde**.- Lapa, 2009.
Alma van der Pool werk nie meer vir die polisie nie. Sy is nou 'n privaatspeurder, tot misnoeë van haar vorige kollegas. Haar nuutste kliënt is Cor Esterhuyse, 'n bekende liefdesverhaalskrywer. 'n Naamlose persoon teister hom; draai sy woorde teen hom. Wanneer 'n dreigement waar word en iemand ernstig seerkry, moet





Alma ingryp. Maar niks is soos dit voorkom nie, en die leidrade is moeilik om te ontrafel. Die verdagtes is dié wat naaste aan hom is. Dis gelyk pynlik en vreesaanjaend vir Cor. Die dreigemente word toenemend meer ernstig en hy en Alma vrees dat hulle nie betyds agter die kap van die byl gaan kom nie, want 'n vreeslike gebeurtenis is net om die draai. Amper te erg vir woorde. 'n Waardige en opwindende opvolg vir **Spinnerak** en **Jagseisoen**.

Bloemhof, Francois. **Rooi Luiperd**.- Human, 2008. (*Spioenasie*)
**Rooi Luiperd** word opgedra aan Ian Fleming, skepper van James Bond, wat vir die leser 'n goeie aanduiding behoort te gee van hierdie boeke se inslag. Die Luiperd, 'n geheime agent vir 'n organisasie genaamd Die Fabriek, word deur 'n vreemde gas oorval toe hy by 'n bouperseel ondersoek instel. Twee junior agente, Mark Steyn en Lamla Ngwema, ding hierna mee om sy plek in die organisasie te neem - intussen kry hulle rooi klaring, toestemming om in die loop van hulle pligte mense te mag doodmaak.

Boek twee in die reeks, **Afspraak in Venesië** (Human, 2009), vertel van 'n bomaanval in Londen waarin 'n Suid-Afrikaanse burger sterf net nadat hy sy vrou en kind as vermis aangemeld het. As gevolg hiervan word Mark Steyn gestuur op sy volgende missie na die geheimsinnige ou stad Venesië.

Brynard, Karin. **Plaasmoord**.- Human, 2009. (*Debuutroman*).
Inspekteur Albertus Beeslaar het genoeg gehad van die brutaliteit van die geweld en moord in Johannesburg en hoop dus om 'n rustiger bestaan te voer op 'n klein dorpie, op die buitewyke van die Groot Kalahari. Hy word aangestel om 'n nuwe veediefstal-eenheid op die been te bring, 'n pos wat beloof om meer vreedsaam te verloop. Sy hoop vir 'n rustige lewe verdwyn egter gou wanneer hy die opdrag ontvang om 'n grusame dubbelmoord op 'n plaas te ondersoek.

Henderson, Dee. **Die ontvoering**.- CUM, 2009.
Wanneer FBI-agent Luke Falcon se neef, sy vrou en hulle seun verdwyn vrees hy die ergste. Hy moet sy familie betyds red, maar het nie beplan om op die enigste ooggetuie verlief te raak nie. Hierdie titel was in Engels gepubliseer as **True courage**, wat Boek Vier in die *Uncommon heroes*-reeks was. Dit word egter nou as 'n alleenstaande titel gepubliseer en is die Afrikaanse vertaling van **Kidnapped**.




Karsten, Chris. **Seisoen van sonde**.- Human, 2009.
Hierdie is 'n 'vreesaanjaende sielkundige riller en is 'n gebeurtenis in Afrikaanse misdaadfiksie. Slim, gedetailleerd en uiters spanningsvol'. Die verhaal speel af in Suid-Afrika, maar die skryfkwaliteit is ongetwyfeld internasionaal. Dit handel oor die polisie se soektog na 'n reeksmoordenaar. Die eerste lyk, dié van 'n vrou, is na 'n storm op die rotse gevind - vasgebind aan 'n paal en met haar mond toegewerk. Die lyke wat volg, is elk op nog meer bisarre wyse agtergelaat. Die moordenaar, Jack, is sistematies besig om mense te elimineer vir sy enigmatiese meester, Minos. Die laaste slagoffers op Jack se lys is Wim, 'n skoenlapperboer naby Wildernis, en sy assistent, Portis. Albei het in die apartheidsjare te doen gehad met 'n regeringsprojek genaamd Antenor. (Protea Boekwinkel, *Nuusbrief 170*, 22/07/09.)

Konrad, Isa. **Die ondenkbare**.- Lapa 2010.
Briel kom in Lüderitz aan soos hy sewentien jaar gelede daar weg is: omdat hy nie 'n keuse het nie. Hy is daar om 'n moord op te los. Die tydsberekening kon nie slegter gewees het nie. Hy het al dae lank griep en sy vrou is al maande lank kwaad vir hom. Hy wou Lüderitz nooit weer gesien het nie. Binne 'n paar dae sit hy met twee lyke, 'n slagoffer wat al meer soos 'n skurk begin lyk, 'n moordenaar wat al meer soos 'n slagoffer begin lyk, en 'n ooggetuie wat al meer soos 'n medepligtige begin lyk. Hoe dieper hy in die saak delf, hoe dieper moet hy in sy herinneringe delf; moet hy alles wat hy die laaste somer van sy kindwees - die somer van die ondenkbare - in Lüderitz beleef het, opdelf.




Paul, Chanette. **Boheem**.- Lapa, 2009. (*Spanningsroman*)
Katrien Bresselaar is dalk voor die reg vrygespreek van die moord op haar man, maar niemand het haar onskuldig bevind nie. En as sy een keer die sneller kon trek en daarmee kon wegkom, sal sy nie skroom om weer te moor nie. Nie dat Katrien, nou bekend as Kayla Cilliers, by Rose-Anne Lockwood se dood sou baat nie. Die befaamde moordverhaalskrywer is juis haar mentor. Maar dis Kayla wat die lyk ontdek en dis haar vingerafdruk op die moordwapen. 'n Rustige hawe vir kunstenaars is Bohemia allermins. Rose-Anne Lockwood het haar met 'n klomp kreatiewe mankes omring en so 'n prutpot geskep wat een of ander tyd moes oorkook. En Gys Niemand en Fortuintjie, Niemandsdorp se beste speurspan wat die skuldiges in **Springgety** en **Fortuin** aan die pen laat ry het, mag nie betrokke raak nie.

Paul, Chanette. **Fortuin**.- Lapa, 2008. (*Spanningsroman*)
'Xanthe Tredoux, die heldin, is 'n vryskut-joernalis wat in opdrag van die redakteur van 'n tydskrif na Paradyskloof gaan om die eienaar as 'n charlatan te ontbloot en iets te skryf oor die enigmatiese Minette Minnaar, wat 'n fenomenaal suksesvolle liefdesverhaalskrywer is. Dit bring Xanthe in aanraking met Math Stone, wat ook op 'n missie is, en dit beteken vuurwerke. Die rus-/skuilplek is slegs per vliegtuig toeganklik, want dit is afgesny van die buitewêreld. Moorde vind plaas of het plaasgevind. Die onkonvensionele speurder met sy eie probleme, Gys Niemand, moet oplossings vind. Hy het reeds in **Springgety** verskyn en wil-wil herinner aan Deon Meyer se inspekteur Bennie Griessel en Andrew Brown se "Inspector" Eberard Februarie. Die roman is propvol intrige, broeiende onheil, inligting oor heksery (die Wiccan-hekse) en romanse.' (*www.litnet.co.za*)


Steyn, Piet. **Bottelnek**.- Tafelberg, 2009.
Joe Smith is 'n daggaverslaafde. Hy gebruik onder meer 'n gebreekte bottelnek om 'n kopbeenmerk op sy slagoffers uit te kerf. Smith, voorheen 'n Koevoet-sersant, nou 'n mynwerker met net een oog, betrap sy vrou en haar minnaar in sy bed. Hy skiet albei en vlug na sy seun, Frikkie, wat hy jare laas gesien het en wat nou 'n ryk bendebaas is. Hierna vermoor Joe sommige van die sewe lede van

die Kopbeenbrigade wat hom in 1989 op die grens onskuldig in die tronk gegooi en só sy lewe verwoes het. En Frikkie, nou Freddy the Fix, laat weer ander bendeleiers vermoor. Dit word superintendent Pine Pienaar se taak om pa én seun vas te trek. Pine is egter nog só in die greep van traumatiese selfverwyt en spoke van die verlede dat hy selfs in doodsgevaar nie 'n pistool se sneller getrek kry nie. Eén ding wat hierdie roman doen, is om insig te bring in die ontsettende eise wat polisiemanne se werk daagliks aan hulle stel - veral by lede van die eenheid vir geweldsmisdaad. (www.volksblad.com)

Viviers, Tinus. **Geld wat stom is**.- Tafelberg, 2009.
John Lombard is die eienaar van 'n uiters suksesvolle personeelagentskap en is in 'n verhouding met 'n pragtige, intelligente vrou. Hy het gedink dat hy uiteindelik van al die spoke van sy verlede ontsnap het. John is jare terug kwytgeskeld nadat hy verdink is van medepligtigheid aan 'n bankroof. Sy woonstelmaat op daardie stadium, Sanet de Villiers, het gerieflik na sy inhegtenisname vermoedelik met die geld verdwyn. Hy het geglo hierdie verleentheid is ver in die verlede en dat hy Sanet nooit weer sal sien nie. Dit is totdat hy haar op 'n dag by 'n sake-ontbyt gewaar. Hy besluit om privaatspeurder Willem Lotriet te nader om Sanet op te spoor. Willem besef egter baie vinnig dat hierdie saak veel meer as 'n blote opsporing is; daar is immers geld ter sprake en genoeg daarvan om iemand tot moord te dryf.

## Verhoudings

Barkhuizen le Roux, Christine. **Padmaker**.- Human, 2010. (*Debuutroman*)
'Die hoofkarakter, Katrien, ervaar as kind saam met haar ouboet, Oubie, en jonger sussie, Lenie, die kamplewe in al sy fasette. Maar dis net die agtergrond vir die klein dramas in die huishouding wat deur ma Kinnie/Hanna oorheers word. Dié manipuleer haar man en kinders met haar "siektes" en die jong Katrien voel deurentyd dat sy nie aan haar ma se verwagtinge voldoen nie. Die toestand word nooit by name genoem nie, maar regdeur die roman is leidrade dat die moederfiguur aan Münchhausen se sindroom ly. As volwassene op soek na haar bejaarde ma wat verdwyn het, reis Katrien terug op 'n pad waaraan haar pa help bou het. Dié pad is ook die figuurlike skakel tussen die verlede en hede. Met **Padmaker** word 'n stuk ervaring oopgeskryf wat nog nie voorheen so grondig in die Afrikaanse letterkunde aangepak is nie. Hierin kry 'n mens te doen met die geskakeerdheid van menswees in die padkampe.' (*Rapport* [Weekliks] 11/04/2010)




Bredenkamp, Lategan P. **Jan Leendert**.- Protea, 2009. (*Plaas/skaapboerdery*)
Met sy kar en vier donkies maak Jan Leendert op 'n dag sy opwagting by Pieter-hulle op die plaas. Hy kom bedel nie sommer 'n los werkie nie, maar bied sy dienste as skaapwagter aan met 'n parmantige houding. As Pieter se pa nie besef het dat hy omtrent aan die einde van sy kragte gekom het en dat hy hulp sou moes kry nie, sou hy waarskynlik vir Jan met die aambeeld gegooi en hom met donkiekar en al landuit gejaag het; maar die lewe kan 'n man soms baie verleë maak. Tot almal se verbasing besluit Pieter se pa om Jan Leendert vir 'n proeftydperk van een maand aan te stel. 'n Besluit wat aanleiding gee tot 'n lewenslange band tussen hierdie twee onwaarskynlike vriende.

Coetser, Annemari. **Aan die windkant**.- Tafelberg, 2009.
Liefka, 'n materialistiese jong stadsvrou, verloor haar werk, raak depressief en woon 'n lewensverrykingskursus by. Sy vestig haar op die platteland en durf 'n nuwe lewe aan, maar sy het emosioneel nog nie klaargespeel met die seksuele teistering wat tot haar bedanking gelei het nie. Ook nie met die minderwaardigheidsgevoel waarmee sy worstel omdat haar chauvinistiese pa haar emosioneel onderdruk het nie. Sonnies Sonnekus kom op die toneel. Daar is dadelik 'n seksuele vonk, maar ene Faure Fourie kom ook op die toneel. Liefka verloor haar hart op 'n vigswesie en raak betrokke by 'n klein, informele weeshuis. Boonop word sy by haar ouers se dreigende egskeiding ingetrek. Om alles erger te maak ontdek Liefka sy het 'n seldsame siekte wat veroorsaak dat haar vagina haarself 'kannibaliseer'. Die skrywer verdien 'n goue sterretjie omdat sy soveel balle in die lug hou en elke dilemma tot 'n bevredigende oplossing bring. Sy skryf onderhoudend, met humor en deernis. (*Die Burger*, 4/01/10.)





De Kock, Helene. **Somersneeu**.- Human, 2009.
'Hierdie roman gaan oor die struikelblokke wat in die pad van die liefde kom. En moenie 'n soetsappige storie verwag nie - Rouke, sy boesemvriende, Robert en Brett, en die vroue in hul lewe, Karina en Julia, word so goed beskryf, hulle kon jou familie gewees het. Hulle pak die lewe na skool vol afwagting aan, maar die grootmenspad is nooit sonder hobbels nie, en toe een van die vriende 'n ander se geliefde steel, lyk dit asof daar een hart is wat werklik nooit weer heel gaan word nie.' (*Huisgenoot*, 18/02/10.)

De Kock, Nadia. **Heildronk op 'n gypsyromp**.- Tafelberg, 2009. (*Debuutroman*)
'Dis 'n heerlike *chick-lit*-storie van hoop, vriendskap en liefde, van moed verloor, weer opstaan en weer probeer. Mieke le Roux se uitgewery, Vianne Boeke, is in die knyp. Sy het net 'n handvol skrywers in haar stal en kan nie bekostig om haar skrywers aan die opposisie af te staan nie. Dis ongelukkig net die begin van Mieke se probleme. Die skrywers is boonop veeleisend. Dan is daar foute met kontrakte, verkeerde ISB-nommers. Om alles te kroon is sy in 'n verhouding wat druk op haar sit, terwyl sy haar blind staar teen die regtige ware liefde. Gelukkig dra haar vriende haar deur hierdie stryd met margaritas en inspirerende besigheidsboeke. En as dinge regtig donker lyk, trek sy net haar gypsyromp aan en dans!' (*www.sarie.com*)





Du Plessis, Hans. **Verbrande paradys**.- Lapa, 2009.
'Die verhaal speel in die Vredefortkoepel af waar 'n stuk rots, so 10km/u in deursnee, lank, lank gelede die aarde teen 40000km/u getref en 'n helse brand veroorsaak het. Hier

woon die Koepelaars onrustig asof hulle daarvan bewus is dat daar geen beskerming vir hulle teen die noodlot is nie. Die verhaal gaan oor Sybrand Venter wat baie vinnig moet grootword wanneer sy pa tragies sterf; sy broer, Henro, wat goed kan "weld", maar wie se hyser voor die boonste verdieping stop; en Andries Spogter, die atleet. Na sy pa se dood wil Sybrand klaar leer en hom dan eerder op bewaring toespits. Henro wil boer. Andries wil sy regmatige deel van die grond opeis en nie meer bywoner wees nie. Saam dra hulle ook die las van Sybrand se pa se dood. Boonop is daar nog sy ma, Reinet, met haar donker verlede en verlore liefde. Emma, die buurdogter, besit Sybrand se hart, maar sy vrees haar pa, Hannes Nel, se toorn wat kan opvlam wanneer die Venters net ter sprake kom en vir wie Reinet moeilik in die oë kyk. (*Die Burger*, 9/03/09.)




Malan, Morné. **Suiderkruis**.- Tafelberg, 2008. (*Debuutroman*)
Paulus sterf, die kinders trek stad toe en Magriet bly alleen agter op die plaas, Stilkuil. Die voorman Thamelo is haar enigste vertroueling en saam moet hulle sorg dat die plaas regkom. Magriet gee vir Thamelo opdrag om nie die windpomp, Suiderkruis, voortaan te olie nie, met die gevolg dat dit deurroes en stukkend val. In die Suiderkruis se swye vind Magriet die vrede en vryheid om 'n nuwe uitdaging aan te pak. Na nege jaar alleen op 'n godverlate plaas skud Magriet eindelik die erflas van haar man se lewe en dood af. Sy durf Johannesburg aan om haar weer met haar kinders te herenig. Dit is 'n verhaal van geërfde pyn en skuld, van hunkering na die moederbodem en verset teen gewelddadige patriargie. Die roman was die wenner van die Debuut Prys van Sanlam en Insig se Groot Roman-wedstryd.




Miles, John. **Voetstoots: 'n episode**.- Human, 2009.
Die vreemdeling August vestig hom op 'n klein Weskusdorp om sy redigeringswerk aan 'n pasontdekte dagboek van 'n 18de eeuse ontdekkingsreisiger af te rond. Onverwags bevind hy homself op die drumpel van 'n vertroostende verhouding met 'n polisievrou, Tessa, wat besig is om van haar onstabiele en jaloerse man, Andries, wat by die Skerpioene werk, te skei. Die liefde wat tussen August en Tessa ontstaan, word egter bedreig deur die terugkeer van Tessa se man. 'Soos in Miles se vorige roman, **Die Buiteveld**, word die kompleksiteit van 'n mens se verlede deurgetrek na die sosio-politieke situasie van die dag met verwysings na die skuld oor die koloniale verlede en veral oor apartheid. Die verlede is 'n denkbeeld waarvan jy nie kan loskom nie, besef August.' (*nb.book.co.za*)

Nagtegaal, Jackie en Nagtegaal, Reinet. **In limbo**.- Joho!, 2009. (*Verhoudings - familie; alkoholisme; bewaringsbewustheid*)
Twee bekroonde skrywers, 'n ma en dogter, het saamgespan om hierdie insiggewende verhaal te skep wat die delikate verhouding tussen 'n ma en haar dogter skets. Dette en haar dogter Tommy leef in limbo in hul rykmanswêreld teen die hange van Tafelberg, in 'n huis wat hulle besig is om te vergroen, om sodoende die natuur te red of miskien net hul gewetens te sus. Die ma verdryf haar tyd as kamma lewensmentor saam met 'n katelknaap om die aandag af te lei, 'n poedel genaamd Warhol (wat gedurig in een of ander belaglike uitrusting geprop word met rooi koskleursel in die hare) en 'n bottel vodka as wapen. Die dogter is 'n jong entrepreneur wat haar winste gebruik en die land vol-rits om opbouende toesprake (wat sy nie self skryf nie) oor straatkinders te lewer. Gepantser met die waas wat te veel vodka verskaf, ontsnap hulle daagliks die pynvolle gebeurtenisse in hul verlede en beland in situasies wat tegelyk skreeusnaaks en hartverskeurend is.




Roux-De Jager, Lien. **Fred se storie**.- Protea, 2009. (*Verhoudings; verstandelike gestremdheid*)
Lien Roux-De Jager het ook geskryf onder die name Helene Roux en Jolene de Koningh.
Fred da Souza is sestien, verstandelik gestrem en uiters swaksiende. Sy pa het 'n kort humeur en 'n voorliefde vir drank. Toe sy pa op 'n dag besluit om Kaap toe te verhuis, voel Fred se ma dit is tyd om 'n nuwe lewe te begin saam met haar nuwe man, Fanie, en Fred se sussie, Liesel. Hierdie planne vir hul nuwe lewens sluit egter nie vir Fred in nie, en hulle los hom by sy ouma en oupa. Toe sy ouma op 'n dag besluit om ook weg te loop, word Fred agtergelaat by sy oupa, wat nog nooit werklik van hom gehou het nie. Fred *hike* Kaap toe om sy pa te gaan soek, maar word op pad soontoe deur 'n bende aangerand. 'n Vragmotorbestuurder kom tot sy redding en help hom om werk en blyplek te kry. Fred ervaar vir die eerste keer in sy lewe 'n mate van onafhanklikheid en vind uiteindelik vriendskap en liefde, selfs al is dit in die teenwoordigheid van vreemdelinge.




Taljaard, Gerda. **'n Engel in die hoenderhok**.- Tafelberg, 2009. (*Debuutroman*)
Hierdie debuutroman handel oor die 1970s - die tyd van bittersoet popdeuntjies en Springbokradio-vervolgverhale - en Helena Bester wat veg teen die oortuiging dat sy ál een van hulle vyf kinders is wat aard na haar pa, die dronklap-, chauvinistiese polisieman-pa. Taljaard vertel van 'n verstikkende gesinslewe en dreigende geweld, maar dit laat mens ook lag vir die onvermydelike en eg snaakse in alle familie-situasies.

*Nota*
Benewens bogenoemde titels is ander ligte ontspanningsfiksietitels ook gedurende 2009-2010 deur die Wes-Kaapse Provinsiale Biblioteekdiens aangekoop, soos:
Mills & Boon in Afrikaans (Jacklin Uitgewers);
Lapa Uitgewers se Romanza titels en omnibusse;
NB Uitgewers se *Melodie-*, *Satyn-*, *Hartklop-*, *Mirre-* en *Jasmyn*-reekse, asook omnibusse wat deur hulle uitgegee is; en
Hartbees Uitgewers se liefdes-, misdaad- en spanningsverhale.